* * *

F. W. GROSHEIDE, *Het Heilige Evangelie volgens Mattheus*, 2de herziene en vermeerderde druk, J. H. Kok, Kampen, 1954.

Hoewel die skrywer dieselfde opset wil volg as in die eerste, dertig jaar vroeëre, uitgawe, naamlik om veral aan predikante 'n beknopte predikingskommentaar te bied, het hierdie werk oor die Eerste Evangelie nietemin tog uitgegroei tot 461 bladsye. Dit is dus nie beknop nie netsoos dit ook nie net 'n homelitiese kommentaar is nie en die leser kan oor beide uitstyginge uit die oorspronklike opset alleen dankbaar wees. 'n Volstandige en wetenskaplike kommentaar op die histories literêre styl, met besprekinge van tekskritiese en eksegetiese probleme op 'n deurgaans hoë peil, maak dat hierdie werk wat tenvolle ophoogte bly van die teenswoordige problematiek en die jongste ontwikkelinge t.o.v. hierdie Evangelie, as 'n standaardwerk beskou kan word. Hierdie hersiene druk is die naam van die bekende neotestamenticus, Grosheide, allesins waardig.

A. S. GEYSER.

* * *